

Padkaart - Risiko voordele

FONDSE GEADMINISTREER DEUR GTC



U reis na finansiële welstand begin hier.
Hier is u gids vir die verskillende risiko voordele wat vir u beskikbaar is, as 'n lid van u fonds.



Groep risiko voordele



Aanvullende voordele kan aangebied word.

Die mees algemene groep risiko voordele is: dood-, gestremdheid- en begrafnisvoordele.

Aangesien hierdie voordele op 'n groep basis gevestig word, is premies oor die algemeen laer as individuele risiko premies.

Groep risiko skemas het gewoonlik gratis dekkingsperke.

Slegs waar dekking bokant die perk is, word mediese onderskrywing benodig.



Groep lewens dekking

Goedgekeurde groep lewens dekking is deel van die fonds en laat belasting verligting op die maandelikse premie toe. As u sterf, is die versekerde bedrag ingesluit by u deel van fonds betaalbaar aan u afhanklikes of begunstigdes, en kan onderhewig wees aan belasting, indien in kontant geneem word.

Groep lewens dekking wat nie deel van die fonds is nie, kwalifiseer nie vir 'n belastingaftrekking op die premie nie. Indien u sterf, is die versekerde bedrag nie by u deel van fonds ingesluit nie, maar word afsonderlik aan u genomineerde afhanklikes of begunstigdes, op 'n belastingvrye basis betaalbaar word. 😊

Groep lewens dekking word oor die algemeen opgestel as 'n veelvoud van u jaarlikse risiko salaris.



Gestremdheids dekking

Groep gestremdheids dekking is gestruktureer in een van twee vorme, gekies deur u bestuurs komitee of u werkgewer.

Opsie 1 word 'n Inkomste Voortsetting Voordeel (IVV) genoem wat gewoonlik 'n maandeliks voordeel uitbetaal. Die salaris en verskillende vlakke van voordele kan gekies word. In die meeste gevalle bly u 'n lid van die fonds totdat u herstel, aftree, of sterf. Na die wag tydperk word hierdie voordeel belastingvry maandeliks betaal. 😊

Opsie 2 is 'n kontant enkel bedrag wat aan u betaal word, bekend as 'n kapitaal gestremdheids voordeel, en word gewoonlik uitbetaal nadat u aan die spesifieke kriteria voldoen, soos uiteengesit in die versekeraar se beleids dokument. In die meeste gevalle sal u nie daarna 'n lid van die fonds bly nie. Die bedrag wat u ontvang, word oor die algemeen opgestel as 'n veelvoud van u jaarlikse risiko salaris. 🤔

Onderwys beskermings voordeel

Sommige versekeraars maak voorsiening vir 'n betaling ten opsigte van u kind/ers se opvoedings koste, indien u sou sterf.



Ernstige Siekte Voordeel (ESV)

ESV, ook bekend as kritieke toestand voordeel of gevreesde siekte voordeel, betaal uit wanneer u voldoen aan die kriteria soos bepaal deur die versekeraar. Eise ontstaan wanneer die lid met een van die ernstige siektes gediagnoseer word. Die ernsvlak van 'n toestand sal bepaal of die volle voordeel of net 'n deel daarvan betaal word.

Die totale betalings bedrag word oor die algemeen opgestel as 'n veelvoud van u jaarlikse risiko salaris en is belastingvry. Daar is oor die algemeen 'n rand waarde beperking op die voordeel. 😊

Eggenoot dekking/voordeel

As hierdie voordeel gekies is, sal 'n enkelbedrag voordeel tydens afsterwe van u eggenoot aan u uitbetaal. Die voordeel word belastingvry uitbetaal. 😊
Die bedrag is oor die algemeen opgestel as 'n veelvoud van u jaarlikse risiko salaris.



Begrafnis voordele

Indien dit gekies word, bied hierdie voordeel u gesin onmiddellike finansiële hulp indien u, u eggenoot of u kind/ers sterf, en is op 'n glyskaal opgestel. Die voordeel word belastingvry uitbetaal. 😊



Medies en gratis dekkings limiet

Binne voorafbepaalde mediese gratis dekkingslimiet hoef u geen mediese onderskrywing te ondergaan nie. U sal nodig hê om dit te doen vir enige bedrag wat die mediese gratis dekking limiet oorskry. Hierdie limiet kan van tyd tot tyd verander.

Kontak asseblief u geakkrediteerde finansiële adviseur as u enige van hierdie voordele en die voortsetting daarvan wil bespreek wanneer u diens verlaat. Alternatiewelik, kontak GTC as u administrateur, in hierdie verband. T: 010 597 6920 of E: retirementfunds@gtc.co.za. Die GTC privaatheidsbeleid kan op die GTC-webwerf besigtig word by <https://www.gtc.co.za/legal-compliance/>. Dit is belangrik dat u die privaatheidsbeleid lees en verstaan.